ISSN 0258-2279 LITERATOR 15 No. 2 Aug. 1994

*H. Larkins*

# Die voorsetselwerkwoord in die werkwoordstelsel van Afrikaans

**Abstract**

*There is much confusion concerning the prepositional verb as a separate category main verb in Afrikaans. Some linguists are of the opinion that the prepositional verb is not a separate category main verb, but rather a sub-category transitive or intransitive verb. There is a definite need for parameters within which the prepositional verb should feature. The unique characteristics of the prepositional verb necessitate the need for it to be classified as a separate category, and the need that the relation between the prepositional verb and the particle be highlighted.*

## 1. Inleidend

Met die verskyning van F.A. Ponelis se *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis* in 1968, het die benaming *voorsetselwerkwoord* in die kollig beland. In sy *Afrikaanse sintaksis* wat in 1979 verskyn het, word daar baie meer gesê oor dié tipe werkwoord (vergelyk Ponelis, 1979:216, 457, 824). Sedertdien is daar baie gegis oor die bestaan van so 'n tipe werkwoord en hoe dit geklassifiseer behoort te word.

Die taaloefeninge in voorgeskrewe handboeke wat deur leerlinge in primêre en sekondêre skole gebruik word, ignoreer werkwoorde soos *beskik, hou, hunker* of *toelê* en fokus eerder op voor die hand liggende gevalle as op die problematiese.

Bronne wat deur tersiêre inrigtings gebruik word, verwys sydelings na voorsetselwerkwoorde as 'n subklas van die kategorieë oorganklike en onoorganklike werkwoorde of as werkwoorde wat soms deur 'n vaste voorsetsel gevolg word, maar dikwels daarsonder kan optree. Ewe dikwels is die voorbeelde van 'voorsetselwerkwoorde' eintlik onoorganklike werkwoorde wat toevallig deur 'n voorsetselgroep gevolg kan word.

Sekondêre leerplanne van die onderskeie onderwysdepartemente maak nie voorsiening vir die bestudering van 'n werkwoordstelsel in Afrikaans waarbinne voorsetselwerkwoorde figureer nie. Ook op tersiêre vlak gee leerplanne weens die leemte in handboeke nie aandag aan die verskynsel nie. In verskillende handboeke word verskillende menings gehuldig in verband met voorsetselwerkwoorde. So byvoorbeeld word deur De Beer en Van Staden (1968:131) 'n benadering gevolg waar die volgende voorbeelde as voorsetselwerkwoorde beskou word:

Die man *staan* op die tafel.

Die man *staan* langs die tafel.

Om te bepaal wat taalkundiges se siening van die voorsetselwerkwoord is, is 'n studievraelys aan al die universiteite en kolleges gestuur. Die inligting wat uit hierdie vraelyste verkry is, is verwerk ten einde relevante afleidings te kon maak.

Met die toestemming van die respondente is interessante menings ten opsigte van die voorsetselwerkwoord in die artikel vervat. Vrae soos die volgende is deur die respondente beantwoord:

- Word sintaksis as 'n aparte dissipline aan u inrigting aangebied?
- Watter bronne word as uitgangspunt vir u aanbieding van sintaksis gebruik?
- Hoeveel klasse hoofwerkwoorde word in u aanbieding onderskei?
- Word die voorsetselwerkwoord as 'n aparte kategorie hoofwerkwoord in u aanbieding geklassifiseer?
- Stem u met die volgende stellings saam?
  - Die voorsetselwerkwoord bestaan nie as 'n kategorie hoofwerkwoord in Afrikaans nie.
  - Die voorsetselwerkwoord is slegs 'n bepaalde tipe oorganklike of onoorganklike werkwoord.

## 1.1 Die steekproefgrootte

39 vraelyste is aan tersiêre instansies gestuur: 19 aan universiteite, 16 aan onderwyskolleges en 4 aan tegniese kolleges. Na onbevredigende respons is 'n opvolgvraelys gestuur aan die inrigtings wat nie op die eerste vraelys gereageer het nie. 'n Respons van 58,97% is toe verkry en die steekproef kon as genoegsaam beskou word om bruikbare ontledings uit te voer.

Op sekondêre vlak is geen vraelys uitgestuur nie, omdat sekondêre instansies aan 'n voorgeskrewe kernleerplan gebonde is. Die sillabusse van al vier die provinsies is vooraf geraadpleeg en dit het aan die lig gekom dat al die provinsies se onderwysdepartemente 'n weergawe van die werkwoordstelsel gegee het wat byna woordeliks met mekaar ooreenstem en waarbinne die voorsetselwerkwoord geen plek beklee het nie.

| **Tersiêre instansies** | **Reaksie** | **Geen Reaksie** | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| Universiteite | 12 | 7 | 19 |
| Kolleges | 8 | 8 | 16 |
| Tegniese kolleges | 3 | 1 | 4 |
| **Totaal** | **23** | **16** | **39** |

## 1.2 Die ontvangs en kontrole van die vraelyste

Die voltooide vraelyste is met ontvangs gekontroleer. Veranderlikes soos dissiplines, vlakke, bronne en kwalifikasies is ten opsigte van volledigheid nagegaan. Die data is verwerk ten einde relevante afleidings te kon maak.

Die leemtes en beperkings ten opsigte van die navorsing moet gesien word teen die agtergrond van die volgende faktore:

- die relatief klein steekproef;
- respondente se ongemotiveerdheid om op die vraelys te reageer en terugvoering te gee; en
- die bepalende invloed wat van die onderwyssillabusse uitgegaan het.

Du Plessis (1982:79) beskou voorsetselwerkwoorde as 'n subklas van oorganklike en onoorganklike werkwoorde, terwyl Prins van die Universiteit van Fort Hare (studievraelys) die volgende mening huldig:

> Die feit dat bepaalde werkwoorde deur voorsetsels gevolg word, is 'n toevalligheid. In die oorgrote meerderheid gevalle is die keuse van die voorsetsel bowendien relatief vry. Die gevalle waar die voorsetsel 'voorgeskryf' is omdat dit saam met die werkwoord 'n vaste verbinding vorm, is eweneens 'n toevalligheid.

Bogenoemde dui daarop dat daar 'n Babelse verwarring bestaan of die 'sogenaamde' voorsetselwerkwoorde kan aanspraak maak op die status van 'n aparte kategorie hoofwerkwoord binne die werkwoordstelsel van Afrikaans, en of

dit slegs 'n subkategorie van die oorganklike of onoorganklike werkwoorde is wat toevallig soms 'n vaste voorsetsel determineer.

Ponelis (1979:216-217) verduidelik voorsetselwerkwoorde soos volg:

> Die voorsetselwerkwoorde verbind heg met voorsetselgroepe. By heelparty werkwoorde is die verbinding so heg dat die voorsetselgroep nie weggelaat kan word nie:
>
> Hulle teer op die staat.
> * Hulle teer.
>
> By ander voorsetselwerkwoorde kan die voorsetselgroep egter wel ontbreek:
>
> Hy stry heeldag met my.
> Hy stry heeldag.

Hier impliseer Ponelis dus dat hoewel die voorsetselgroep weglaatbaar is, die werkwoord steeds 'n voorsetselwerkwoord is. Botha en Van Aardt (1987:70) sluit hierin by Ponelis aan:

> Soms is die verbinding tussen voorsetselwerkwoord en voorsetsel(groep) so heg dat die voorsetselgroep geheel en al onweglaatbaar is, byvoorbeeld:
>
> Sy dapperheid grens aan domastrantheid.
> * Sy dapperheid grens.
>
> Soms is die band nie so heg nie, byvoorbeeld:
>
> Die gemeente bid om reën.
> Die gemeente bid.

Botha en Van Aardt (1987) versuim egter om dit duidelik te stel of die werkwoord steeds 'n voorsetselwerkwoord is indien die voorsetselgroep ontbreek en of hulle dit as 'n ander tipe hoofwerkwoord (byvoorbeeld 'n onoorganklike werkwoord) beskou indien die voorsetselgroep weggelaat kan word.

De Villiers (1983:104) stel dit dat daar werkwoorde met 'n vaste voorsetsel bestaan waarvoor daar nie 'n algemeen aanvaarde naam is nie en wat ons maar voorsetselwerkwoorde kan noem. Hy meld dat die tipe werkwoord met sy voorsetsel 'n semantiese eenheid, net soos die partikelwerkwoord (deeltjiewerkwoord), vorm en daarom 'n tipe verbinding is wat aan die partikelwerkwoord verwant is. Dit is dus 'n verbinding van 'n werkwoord en 'n komplement wat semanties as 'n eenheid beskou moet word, byvoorbeeld *hou van; aard na; behoort aan; reken op; reken af met; gaan in op.* Anders as die partikelwerkwoord waar die komplement 'n adjunk is, is die komplement by 'n

voorsetselwerkwoord 'n voorsetsel. De Villiers (1983: 139) verwoord sy siening rondom die problematiek van die voorsetselwerkwoord soos volg:

> Dis dikwels moeilik om uit te maak of daar in 'n bepaalde konstruksie 'n voorsetselwerkwoord is met 'n vaste voorsetsel en of die eenheid beperk is tot werkwoorde en naamwoorde, terwyl die voorsetsel daarbuite val.

Dit alles laat die vraag ontstaan of daar inderdaad so iets soos 'n *voorsetselwerkwoord* is, en indien wél, hoe dié tipe werkwoord dan optree.

Uit die studievraelyste wat aan respondente aan universiteite en onderwyskolleges gestuur is, blyk dit duidelik dat die voorsetselwerkwoord die meeste probleme van al die hoofwerkwoorde oplewer. Groot verwarring heers veral ten opsigte van oorganklikheid by die voorsetselwerkwoord. Die vraag of die voorsetselwerkwoord dan inderdaad as 'n aparte kategorie hoofwerkwoord beskou kan/behoort te word, het uiteenlopende opinies van die respondente ontlok. Die volgende menings is onder andere uit die navorsingsvraelyste geneem:

Mev. Kirchner van die Windhoekse Onderwyskollege spreek haar soos volg oor die problematiek uit:

> Alhoewel ek al dikwels getwyfel het of die voorsetselwerkwoord wel apart onderskei behoort te word, lyk hierdie onderskeiding tog nuttig. Dit is egter duidelik dat dit nie 'n werkwoord apart van ander klasse kan wees nie.


De Vos van die Durbanse Onderwyskollege (studievraelys) sal 'n saak wil uitmaak dat die voorsetselwerkwoord en die wederkerende werkwoord onnodig is en as subklasse van die oorganklike en onoorganklike werkwoord ondervang kan word. Hierdie beskouing van De Vos sluit by Du Plessis (PU vir CHO) aan wat hom soos volg uitspreek: "Die voorsetselwerkwoord is 'n besondere soort oorganklike of onoorganklike werkwoord" (studievraelys).

Ponelis (1979:216) bespreek die voorsetselwerkwoord breedvoerig, maar in die vraelys beweer hy dat die voorsetselwerkwoord nie as 'n aparte kategorie werkwoord in Afrikaans bestaan nie. Daar word aanvaar dat hierdie uitspraak 'n blote vergissing is, omdat sy kategorisering van die daaropvolgende hoofwerkwoorde wel deeglik die teendeel uitstippel.

Uit die voorafgaande aanhalings en verwysings uit die navorsingsvraelyste blyk dit duidelik dat die verwarring rondom die voorsetselwerkwoord selfs groter is as wat aanvanklik vermoed is. Dat daar dan inderdaad 'n behoefte aan maatstawwe en norme is waarvolgens 'n werkwoord soos *bekroon* in *Die Akademie* ***bekroon*** *hom met die Hertzogprys* geklassifiseer kan word, blyk duidelik uit die figuur.

**Figuur 1**

*Die Akademie bekroon hom met die Hertzogprys*




In hierdie sin is die hoofwerkwoord soos volg gekategoriseer: 28% sien dit as 'n voorsetselwerkwoord, sonder 'n verdere spesifisering of dit 'n voorsetselwerkwoord is wat oorganklik gebruik is of 'n voorsetselwerkwoord wat onoorganklik gebruik is; 26% meld spesifiek dat die voorsetselwerkwoord hier onoorganklik gebruik is, terwyl 'n verdere 26% dit weer as 'n oorganklike werkwoord beskou; 5% is van mening dat dit 'n onoorganklike werkwoord is wat met 'n vaste voorsetsel verbind; 'n verdere 5% beskou dit as 'n wederkerende werkwoord; 5% is van mening dat dit 'n oorganklike werkwoord óf 'n voorsetselwerkwoord kan wees, terwyl 5% spesifiek meld dat die werkwoord 'n oorganklike voorsetselwerkwoord is.

Hoe funksioneer 'n (sogenaamde) voorsetselwerkwoord dan eintlik? Watter rol speel die voorsetsel in die klassifisering? Kan 'n voorsetselwerkwoord soms sonder die voorsetselgroep optree (Ponelis, 1979:217)? Is die voorsetselwerkwoord slegs 'n besondere soort oorganklike of onoorganklike werkwoord? Hierdie vrae word in dié artikel onder die loep geneem.

## 2. Die wesenskenmerke van die voorsetselwerkwoord

Uit die data wat uit die studievraelyste en taalkundebronne bestudeer is, het dit duidelik geword dat die voorsetselwerkwoord 'n gekompliseerde tipe hoofwerkwoord is wat in subkategorieë of 'tipes' verdeel kan word. By sommige voorsetselwerkwoorde was die verbintenis met die voorsetsel so heg dat die weglating van die voorsetsel 'n totaal ongrammatiese sin tot gevolg sou hê. Die sprekendste

voorbeelde hiervan is respektiewelik deur Ponelis (1979:217), asook deur Botha en Van Aardt (1987:69) aangeteken:

  Hulle teer op die staat.
* Hulle teer.
  Hans hou van koedoebiltong.
* Hans hou.

Wanneer daar getoets word of 'n bepaalde hoofwerkwoord 'n voorsetselwerkwoord is, moet die sin met die gewaande voorsetselwerkwoord basies dieselfde semantiese waarde hê as die gewysigde konstruksie(s) van dieselfde sin, byvoorbeeld:

(a) Tom *bou* nog aan die huis.

(b) Tom *bou* nog die huis.

(c) Tom *bou* nog.

(d) Tom *bou* nog in die huis.

Die semantiese waarde van sin (a) verskil geheel en al van dié van elke ander sin, naamlik (b), (c) en (d). Hierdie drie voorbeelde kan dus nie gekategoriseer word as ''n ander vorm', of ''n afskaling', of 'eweknie' van 'n voorsetselwerkwoord nie!

Soms is die verbintenis tussen die voorsetselwerkwoord en die voorsetselgroep nie so heg nie en kan die voorsetselgroep weggelaat word, sodat die voorsetselwerkwoord as 'n oorganklike of onoorganklike werkwoord optree, byvoorbeeld:

Die gemeente bid om reën (voorsetselwerkwoord).

Die gemeente bid (onoorganklike werkwoord) (Botha & Van Aardt, 1987:70).

Ek sal jou beskerm teen gevare (voorsetselwerkwoord).

Ek sal jou beskerm (oorganklike werkwoord).

Dit het verder ook duidelik geword dat Ponelis (1979:276) se voorsetseladjektiewe in dié opsig probleme oplewer, naamlik dat dit telkens met 'n koppelwerkwoord moet verbind, ten einde die ooreenkoms met 'n sekere voorsetselwerkwoord moontlik te maak. Die voorsetseladjektief + koppelwerkwoord wat soos 'n voorsetselwerkwoord optree, is dus duidelik nie op dieselfde vlak as die voorsetselwerkwoord sélf nie. Dat die voorsetselwerkwoord inderdaad 'n besondere, maar eiesoortige kategorie hoofwerkwoord is, blyk uit die wesenskenmerke wat hierdie bepaalde tipe hoofwerkwoord onderlê.

## 2.1 Voorsetselwerkwoorde determineer 'n vaste voorsetsel

Die belangrikste kenmerk van die voorsetselwerkwoord is dat dit 'n vaste voorsetsel determineer. Indien die werkwoord heg met 'n verpligte onderdeel van die sin verbind, geskied hierdie verbinding deur middel van 'n voorsetsel (Botha, 1985:69). In teenstelling met die siening van Prins van die Universiteit van Fort Hare (studievraelys) dat die keuse van die voorsetsel relatief vry is, blyk dit uit die ondersoeker se navorsing dat die voorsetsel betreklik vas is en in die oorgrote meerderheid gevalle nie deur 'n ander voorsetsel vervang kan word sonder dat die betekenis van die sin gewysig word nie.

Voorbeelde van werkwoorde wat 'n vaste voorsetsel determineer, is *swig* (voor), *reken* (op), *heul* (met), *aard* (na), *beskik* (oor) *behoort* (aan), *berus* (op), *akkordeer* (met). Die gedetermineerde voorsetsel vorm saam met die daarmee gepaardgaande naamwoordstuk 'n voorsetselgroep. Die naamwoordstuk wat in so 'n voorsetselgroep optree, word reeds in Ponelis (1968:10) 'n *voorsetselvoorwerp* genoem:

| | Wvs | / | vs | / | voorsetselvoorwerp |
|---|---|---|---|---|---|
| Almal | smag | / | na | / | rus en vrede. |
| Die regering | beskik | / | oor | / | inligting. |

Van Schoor (1983:192) verwys na die gedetermineerde voorsetsel as die *voorsetselsupplement* en na die voorsetselvoorwerp as die *komplement*.

- **Die voorsetselwerkwoord + vaste voorsetsel + NS**

Die voorsetselwerkwoord word saam met die vaste voorsetsel gegee:

Hulle teer *op* die staat (Ponelis, 1979:217).

Hy beskik *oor* inligting (Botha & Van Aardt, 1987:37).

Almal smag *na* 'n ruskansie.

Hulle heul *met* die vyand.

Die seelug akkordeer *met* hom.

Sy aard *na* haar ma.

Dit berus *op* tradisie.

Die bundel bestaan *uit* tien verhale.

Albei behoort *aan* die vereniging.

Almal hunker *na* rus en vrede.

Hy berus *in* die onvermydelike.

Ons reken *op* julle steun.

Sommige voorsetselwerkwoorde kan met meer as een (maar gewoonlik nie meer as twee of drie) voorsetsels gebruik word:

Ons glo *in* die Heilige Gees.

Ons glo *aan* 'n heilige, algemene kerk.

Die finale besluit berus *by* die hoof.

Die beslissing berus *op* deeglike ondersoek (Van Schoor, 1983:193).

## 2.2 Voorsetselwerkwoorde vereis 'n voorsetselgroep

Die verbinding tussen die voorsetselwerkwoord en die betrokke voorsetselgroep is so heg dat die voorsetselgroep nie weggelaat kan word nie (Botha, 1978:112). Ponelis (1979:216) stel dit dat die verbinding by *heelparty* werkwoorde so heg is dat die voorsetselgroep nie weggelaat kan word nie, maar (dat) by voorsetselwerkwoorde die voorsetselgroep egter wel kan ontbreek, soos in:

Hy stry heeldag met my.

Hy stry heeldag.

Die regering besin nog oor die stelsel.

Die regering besin nog.

Bogenoemde voorbeelde dien ter stawing van sy redenasie. Hierdie uitspraak van Ponelis is egter 'n *contradictio in terminis* omdat dit 'n wesenseienskap van die voorsetselwerkwoord is dat dit 'n voorsetselgroep vereis waarmee dit heg verbind. Sodra die werkwoord sonder die noodsaaklike voorsetselgroep optree, kan dit nie meer die kenmerke van 'n voorsetselwerkwoord openbaar nie, maar tree dit as onoorganklike werkwoord op.

Van Schoor (1983:193) stel dit dat daar werkwoorde is wat in een betekenis 'n voorsetselwerkwoord is, maar in 'n ander nie:

Hy *reken* hoeveel dit hom sal kos.

Hy *reken* op ons hulp.

Hy stel dit ook duidelik dat werkwoorde soms met en soms sonder voorsetselsupplement gebruik word met behoud van die betekenis van die sin:

Hy vra hulp.

Hy vra *om* hulp (Van Schoor, 1983:78).

Botha (1985:70) sluit by Ponelis se uitspraak aan:

> Soms is die verbinding tussen voorsetselwerkwoord en voorsetsel(groep) so heg dat die voorsetselgroep geheel en al onweglaatbaar is, byvoorbeeld:
>
> Sy dapperheid grens aan domastrantheid
>
> * Sy dapperheid grens.
>
> Soms is die band nie so heg nie, byvoorbeeld:
>
> Die gemeente bid om reën.
> Die gemeente bid (Botha, 1985:70-78).

Uit die teks is dit egter moeilik om vas te stel of Botha suggereer dat die werkwoord wat soms sonder die noodsaaklike voorsetselgroep optree, steeds 'n voorsetselwerkwoord is, en of dit in hierdie geval dan 'n onoorganklike werkwoord is.

Dit het veral uit die literatuurstudie duidelik geword dat die voorsetselgroep wat met die voorsetselwerkwoord verbind, heel dikwels binne die konteks van 'n gespreksituasie weggelaat kan word, omdat die voorsetselgroep aan die gespreksgenote bekend is of afgelei kan word:

Die veroordeelde gaan glo *appelleer* (teen sy vonnis).

Ek sal jou *beskerm* (teen gevare).

Die skrywer is *bekroon* (met die Hertzogprys).

Ek wil ook *bydra* (tot die hulpfonds).

Moenie my *beskuldig* (van verraad) nie.

Wie van julle *stel belang* (in goedkoop vleis)?

Ek wil jou *gelukwens* (met jou verjaardag).

In bogenoemde gevalle het die vraag ontstaan of die hoofwerkwoord, sonder die voorsetselgroep dan tot 'n oorganklike of onoorganklike werkwoord gewysig word. Hierdie problematiek word nie deur Ponelis (1979:216) of Botha (1985: 70) bevredigend belig nie, omdat Ponelis se uitspraak 'n wesenskenmerk van die voorsetselwerkwoord aantas, naamlik dat dit 'n voorsetselgroep vereis. Botha en Van Aardt (1978:70) laat weer na om hulle duidelik uit te spreek of hulle die werkwoord, wat sonder sy voorsetselgroep as aanvulling optree, steeds as 'n voorsetselwerkwoord beskou.

Dit bly egter die taak van die taalkundige om die reëls wat die taal ten grondslag lê, bloot te lê en te beskrywe. Die reël in verband met die voorsetselwerkwoord is reeds toegelig, naamlik dat só 'n werkwoord 'n voorsetselgroep vereis wat heg met die voorsetsel daarvan verbind. Indien die betrokke voorsetselgroep ontbreek, soos die geval is by Ponelis (1979:217), kan ons dus nie sê dat die werkwoord 'n voorsetselwerkwoord is nie, omdat die hoofwerkwoord hier dan as 'n onoorganklike werkwoord optree.

## 2.3 Die voorsetselgroep wat via die vaste voorsetsel met die voorsetselwerkwoord verbind, is nie sonder meer vervangbaar deur een woord nie

Daar is reeds op twee wesenseienskappe van die voorsetselwerkwoord gewys, naamlik dat 'n vaste voorsetsel determineer en dat dié voorsetselgroep gevolg word deur 'n voorsetselvoorwerp.

'n Derde kenmerkende eienskap waaraan die voorsetselwerkwoord voldoen, is dat die voorsetselgroep wat saam met die voorsetselwerkwoord optree, nie sonder meer deur een woord vervang kan word nie (Botha & Van Aardt, 1987:112). Vergelyk sin (a) en (b):

(a) Die boeke lê *op* die tafel.

(b) Die polisie beskik *oor* inligting.

In sin (a) is dit moontlik om die voorsetselgroep weg te laat, sonder dat die wesenlike betekenis van die sin gewysig word: *Die boeke lê (iewers).* Dit is verder ook moontlik om die voorsetsel *op* met 'n verskeidenheid moontlikhede te vervang:

Die boeke lê /onder/ die tafel.

/langs/

/by/

/agter/

Die voorsetselgroep in sin (a) kan boonop sonder enige probleme deur een woord soos *daar, iewers, êrens* vervang word, sonder dat die basiese betekenis van die sin gewysig word, want die semantiese waarde van die sinne bly steeds:

Die boeke lê *iewers*.

Hierteenoor is sin (b) baie meer rigied, omdat die verskillende onderdele van die sin ter wille van die betekenis juis nie fakultatief is nie. 'n Mens merk byvoorbeeld dadelik op dat die voorsetsel nie sonder meer deur enige ander voorsetsel vervang kan word nie:

* Die polisie beskik /met/ inligting.

* /van/

* /deur/

* /op/

Die betrokke voorsetselgroep kan ook nie weggelaat word, sonder dat 'n semantiese 'leegheid' ontstaan nie:

* Die polisie beskik.

Eweneens leen die voorsetselgroep hom nie tot vervanging deur één woord nie:

* Die polisie beskik feite.

Pogings om in die volgende sinne die voorsetselgroepe deur een woord te vervang, is ewe futiel:

Die feesvieringe berus *op* tradisie.
* Die feesvieringe berus dit.
Sy aard baie beslis *na* haar ma.
* Sy aard baie beslis haar.
Die seelug akkordeer *met* hom.
* Die seelug akkordeer Piet.
Ons almal behoort *aan* die vereniging.
* Ons almal behoort leserskring.

## 3. Die optrede van die voorsetselwerkwoord

In die vorige afdeling is die algemene wesenskenmerke van die voorsetselwerkwoord soos volg uitgelig:

- Die voorsetselwerkwoord determineer 'n vaste voorsetsel.
- Die voorsetselwerkwoord vereis 'n voorsetselgroep.
- Die voorsetselgroep wat saam met die voorsetselwerkwoord optree, kan nie sonder meer deur een woord vervang word nie (Botha, 1978:112).

In wese is die voorsetselwerkwoord dus 'n besondere kategorie hoofwerkwoord wat veral in noue verbintenis optree met 'n vaste voorsetsel wat 'n voorsetselgroep. Die naamwoordstuk in só 'n voorsetselgroep word 'n *voorsetselvoorwerp* genoem (Ponelis, 1968:10). Afgesien van die voorsetselgroep kan sekere *voorsetselwerkwoorde* terselfdertyd met 'n tweede item verbind, naamlik 'n gewone naamwoordstuk wat as voorwerp funksioneer.

## 3.1 Wvs + NS + vaste VG

Voorsetselwerkwoorde determineer soms benewens die voorsetsel(groep) 'n naamwoordstuk wat as 'n voorwerp van die werkwoord optree. So 'n voorsetselwerkwoord het dus *boonop* oorganklike werkwoordkenmerke:

Sy herinner *hom* aan die vergadering (Botha & Van Aardt, 1987:72).

Hy maak *melding* van die gebeure.

Ek doen *'n beroep* op jou goedhartigheid.

Onderling verskil hierdie sinne ook van mekaar en val in twee duidelike groepe uiteen. Let op die volgende sin:

Sy herinner hom aan die vergadering.

Hier is die verbinding tussen *herinner* en *aan die vergadering* byvoorbeeld baie hegter as die verbinding tussen *herinner* en *hom*. In die volgende sinne is die verbinding tussen die voorsetselwerkwoord en die naamwoordstuk baie hegter as die verbinding tussen die voorsetselwerkwoord en die voorsetselgroep.

| | **voorsetselwerkwoord** | **naamwoordstuk** | **voorsetselgroep** |
|---|---|---|---|
| Hy | maak | melding | van die gebeure. |
| Ek | doen | 'n beroep | op jou simpatie. |
| Hy | hou | 'n ogie | oor die kinders. |

Wat die werkwoorde *maak* en *doen* betref, het Botha (1975) 'n verhelderende bydrae gelewer ten opsigte van die semantiese leegheid van hierdie werkwoorde. Hy gebruik die voorbeeldsinne

Die uitgewers doen stappe.
* Die uitgewers maak stappe.
Egipte maak oorlog.
* Egipte doen oorlog.

om daarop te wys dat *doen* [-kousatief] en *maak* [+kousatief] is.

Botha (1975) wys daarop dat die verskil tussen die twee werkwoorde daarin geleë is dat *maak* 'n "resulterende voorwerp" veronderstel, terwyl dit nie noodwendig met *doen* die geval is nie. Hy kom tot die slotsom dat *doen* dus semanties leër as *maak* is.

## 3.2 NS + Wvs + NS + VG

Voorsetselwerkwoorde kan ook refleksief optree (vgl. Ponelis, 1979:218) byvoorbeeld:

<u>Ek</u> begeef <u>my</u> *op* gevaarlike terrein.

<u>Ons</u> verlustig <u>ons</u> *in* die natuur.

<u>Ek</u> weerhou <u>my</u> liewer *van* kommentaar.

<u>Ek</u> verknies <u>my</u> *oor* die saak.

<u>Ek</u> vereenselwig <u>my</u> *met* die besluit.

## 3.3 Vaste voorsetselgroepe kan deur voorsetselstroping tot 'n skoon naamwoordstuk ('n voorwerp) gewysig word

**Voorbeelde:**

Die kinders spot *met* haar. — Die kinders spot haar.

Ek soek *na* die skêr. — Ek soek die skêr.

Ek skei *van* hom. — Ek skei hom.

Ek bejeën hom *met* agterdog. — Ek bejeën hom agterdogtig (Ponelis, 1979:200).

In die sinne met 'n skoon naamwoordstuk is die hoofwerkwoord dus nie langer 'n voorsetselwerkwoord nie, maar 'n gewone, oorganklike werkwoord.

### 3.4 Deur voorsetselstroping kan voorsetselwerkwoorde tot oorganklike werkwoorde met *be-* verander

**Voorbeelde:**

Ek dink nog *oor* die saak. — Ek bedink nog die saak.

Ek kla *oor* my lot. — Ek bekla my lot.

Die span sorg altyd *vir* opwinding. — Die span besorg altyd opwinding (Ponelis, 1979: 201).

By die bogenoemde oorganklike werkwoorde word die voorwerp as geheel geraak, terwyl werkwoorde wat via 'n vaste voorsetsel met die voorsetselgroep verbind, net op 'n deel van die saak of klas sake waarna verwys word, betrekking het. Dieselfde geld by die volgende:

Hulle leer die liedjie. — Hulle leer *aan* die liedjie.

Hy lees die Bybel. — Hulle lees *uit* die Bybel.

Hy eet die wors. — Hy eet *van* die wors.

Hy betaal die kar af. — Hy betaal *aan* die kar af.

Ek ruik die rose. — Ek ruik *aan* die rose.

Die jakkalse vang die lammers. — Die jakkalse vang *onder* die lammers.

### 3.5 Die voorsetsel van 'n voorsetselwerkwoord kan 'n werkwoorddeeltjie word

**Voorbeelde:**

Lê die hande *op* hulle. (Lê hulle die hande op.)

Staan *by* my. (Staan my by.)

Raak *aan* hom. (Raak hom aan.) (Ponelis, 1979:201)

Uit die bogenoemde (afdeling 3.3, 3.4 en 3.5) moet geensins afgelei word dat die konstruksie met die voorsetsel die oorspronklike, ongemarkeerde, basiese of

neutrale konstruksie is en dat die ander konstruksie van eersgenoemde afgelei is nie. Die een konstruksie bestaan naas die ander.

### 3.6 Sekere deeltjiewerkwoorde vorm deel van die versameling voorsetselwerkwoorde

**Voorbeelde:**

Sien *van* so 'n dwase besluit af.

Die Naudes stam *van* 'n tradisievaste familie af.

Kom ons stap *van* die onderwerp af.

Hierdie voorbeelde wyk *van* die voriges af (Ponelis, 1979:232).

### 3.7 Voorsetselwerkwoorde kan tegelykertyd refleksief optree en deeltjiewerkwoorde wees

**Voorbeelde:**

Ek lê my neer *by* die bepalings.

Ek laat my uit *oor* die saak.

Jy dring jou op *aan* iemand.

Ons lê ons toe *op* besparing.

### 3.8 Sommige refleksiewe voorsetselwerkwoorde kan net negatief gebruik word

**Voorbeeld:**

Ek verdra hom nie *voor* my oë nie.

* Ek verdra hom *voor* my oë.

### 3.9 Voorsetselwerkwoorde en idiomatiese uitdrukkings

Dit was veral opvallend dat die hoofwerkwoord heel dikwels in idiomatiese uitdrukkings baie heg met die voorsetsel(groep) verbind:

Hy trou *met* die handskoen.

Hy speel *om* die keiser se baard.

Benewens die naamwoordstuk wat as deel van die voorsetselgroep voorkom, kan baie van dié tipe voorsetselwerkwoorde boonop met nóg 'n naamwoordstuk verbind:

*Werp* jou brood *op* die water.

Hy *maak* nie 'n moordkuil *van* sy hart nie.

Hy *slaan* die hand *aan* die ploeg.

Sy optrede *jaag* 'n mens *in* die harnas.

## 3.10 Die koppelwerkwoord + die voorsetseladjektief as voorsetselwerkwoord

Daar is reeds daarop gewys dat die *voorsetseladjektief* (Ponelis, 1979:276) in kombinasie met die koppelwerkwoord moet optree alvorens dit 'n ooreenkoms met 'n voorsetselwerkwoord kan vertoon. Vanweë hierdie verskynsel wil dit voorkom asof daar graduele verskille tussen die voorsetselwerkwoorde onderling voorkom. Bestudeer die volgende twee voorbeeldsinne:

(a) Ek hou van jou.

Wvs + VG

(b) Ek is lief vir jou.

Wkop + VsAd + VG

Wvs + VG

Dit is duidelik dat sin (a) en sin (b) nie dieselfde sintaktiese bou vertoon nie. In sin (a) kom 'n suiwer voorsetselwerkwoord voor, terwyl die koppelwerkwoord met die voorsetseladjektief moet verbind, alvorens dit 'n ooreenkoms met 'n voorsetselwerkwoord kan vertoon, byvoorbeeld:

| Koppelwerkwoord | voorsetseladjektief | voorsetselgroep |
|---|---|---|
| is | geheg | *aan* haar ouers |
| is | verslaaf | *aan* kos |
| is | begaan | *oor* die kinders |
| is | jaloers | *op* haar man |

| | | |
|---|---|---|
| is | ingenome | *met* die plan |
| is | behep | *met* sy motor |
| is | onderhewig | *aan* goedkeuring |

Dat sin (a) en (b) nie sintakties dieselfde bou vertoon nie, blyk uit die volgende voorbeeld:

(a) Hy ken sewe tale. — oorganklike werkwoord + direkte voorwerp

(b) Hy is sewe tale magtig. — koppelwerkwoord + naamwoordelike kopulapredikaat + adjektief

Sin (a) kan makliker in die passiefvorm omskryf word as (b):

(a) ? Sewe tale word deur hom geken.

(b) * Sewe tale word deur hom magtig gewees.

Dieselfde onderskeid geld ten opsigte van sinne waarin die suiwer voorsetselwerkwoord optree en sinne met 'n koppelwerkwoord + 'n voorsetseladjektief wat optree asof die kombinasie 'n voorsetselwerkwoord is:

(a) Ek hou van jou. — voorsetselwerkwoord

? Daar word van jou gehou.

(b) Ek is lief vir jou. — koppelwerkwoord + voorsetseladjektief

* Daar word vir jou lief gewees.

## 4. Die verskillende tipes voorsetselwerkwoorde

Dit het uit die literatuurstudie en die studievraelyste duidelik geword dat die voorsetselwerkwoord graduele verskille onderling openbaar.

### 4.1 Die suiwer onoorganklike voorsetselwerkwoord

Uit die studievraelyste was dit duidelik dat onoorganklikheid en oorganklikheid by die voorsetselwerkwoord 'n redelike mate van verwarring geskep het. Die onoorganklike voorsetselwerkwoord tree in noue verbintenis met die vaste voorsetsel(groep) op, maar nie in kombinasie met 'n naamwoordstuk nie:

Hierdie stelsel <u>beantwoord *aan* sy doel</u>.

Ek sal <u>*met* die skuldiges afreken</u>.

Hierdie optrede stuur *op* 'n ramp af.

My besluit sal afhang *van* omstandighede.

Hulle heul *met* die vyand.

Hy bly hamer *op* die saak.

Ek sal *op* die saak ingaan.

## 4.2 Die suiwer oorganklike voorsetselwerkwoord

Die oorganklike voorsetselwerkwoord tree in kombinasie met 'n naamwoordstuk op. Hierdie naamwoordstuk tree as voorwerp by die voorsetselwerkwoord op.

Sy woorde stem my *tot* nadenke.

Sy herinner hom *aan* die vergadering (Botha & Van Aardt, 1987:72).

Hulle het ons *met* klippe bestook.

Die voorsetselwerkwoord wat so in kombinasie met 'n naamwoordstuk optree, het dus oorganklike werkwoordeienskappe. Die sin *Die Akademie bekroon hom met die Hertzogprys* wat in die vraelyste voorgekom het, het verreweg die meeste probleme opgelewer. Veral ten opsigte van die oorganklikheid of onoorganklikheid van die voorsetselwerkwoord, was daar uiteenlopende opinies. Slegs 5% van die respondente het die voorsetselwerkwoord in hierdie sin as oorganklik beskou — 26% was van mening dat die voorsetselwerkwoord onoorganklik is!

# 5. Die verband tussen die voorsetselwerkwoord en die partikelwerkwoord (deeltjiewerkwoord)

Ponelis (1979:232) definieer 'n deeltjiewerkwoord as "'n baie hegte verbinding van 'n werkwoordelike element met 'n ander element — die deeltjie — (wat van uiteenlopende aard kan wees), sodat die werkwoordelike element en die deeltjie saam 'n leksikale eenheid, 'n hoofwerkwoord, vorm". Vergelyk byvoorbeeld:

| Werkwoordelike element | Deeltjie | = | Hoofwerkwoord |
|---|---|---|---|
| kom | agter | = | agterkom |
| pak | in | = | inpak |

Die werkwoordelike element en die deeltjie kan nie los van mekaar benader word nie, maar vorm 'n eenheid:

Haastig *pak* ek my klere *in*.

Haastig moes ek my klere *inpak*.

Hierdie hegte verbinding geld egter nie ten opsigte van die werkwoord en die voorsetsel nie:

Jan staan *in* die tuin.

* Jan moet die tuin *instaan*.

Deeltjiewerkwoorde kan onder bykans al die tipes hoofwerkwoorde voorkom, byvoorbeeld:

Ons *beveel* hierdie verandering *aan* (oorganklik).

Dit *koel af* (onoorganklik).

Ek *vra* my dit *af* (wederkerend).

Dit *hang* **van** die ooreenkoms *af* (voorsetselwerkwoord).

Dit *kom* my *voor* of hulle onrustig is (koppelwerkwoord).

Volgens Ponelis (1979:233) onderskei Du Plessis (1972) 'n hele aantal ondertipe deeltjies, wat in wese meer met mekaar ooreenkom as verskil. Die noue verband wat daar soms tussen deeltjies en setsels kan voorkom, blyk duidelik uit die volgende voorbeelde:

| **Deeltjie** | **Setsel** |
|---|---|
| bied my 'n sitplek *aan* | bied 'n sitplek *aan* my |
| blaai die boek *deur* | blaai *deur* die boek |
| spreek die volk *toe* | spreek *tot* die volk |

Soms is daar egter geen aantoonbare verband tussen deeltjies en setsels nie:

| **Deeltjie** | **Setsel** |
|---|---|
| durf hom *aan* | * durf *aan* hom |
| smuk jou *op* | * smuk *op* jou |
| leef jou *uit* | * leef *uit* jou |

Benewens die naamwoordelike, bywoordelike en adjektiwiese funksies van die deeltjies, tree voorsetselgroepe dikwels as deeltjies op (Ponelis, 1979:234):

| **Voorsetselgroep-as-deeltjie** | **Werkwoordelike element** |
|---|---|
| aan die hand | doen |
| aan die pen | ry |
| in die hande | kry |

Die werkwoordelike element + die voorsetselgroep-as-deeltjie toon 'n ooreenkoms met die voorsetselwerkwoord + die vaste voorsetselgroep, omdat die werkwoordelike element sowel as die voorsetselwerkwoord 'n vaste voorsetsel determineer:

doen *aan* die hand / kla *oor* die kos

ry *aan* die pen / berus *in* sy lot

Die werkwoordelike element determineer egter 'n vaste *voorsetselgroep*, terwyl die voorsetselwerkwoord slegs 'n vaste *voorsetsel* determineer:

doen *aan die hand* – kla *oor* die kos / die behandeling

Ry *aan die pen* – berus *in* sy lot / die onvermydelike

Deeltjiewerkwoorde is leksikale eenhede wat deur onskeibare leksikale eenhede vervang kan word (Ponelis, 1979:235):

aan die hand doen: *voorstel*

aan die pen ry: *boet*

in die hande kry: *verkry*

Die deeltjies en die werkwoordelike element kan 'n nominaalkonstruksie vorm (Ponelis, 1979: 236):

| **Deeltjie +** | **werkwoordelike element** | **Nominaal** |
|---|---|---|
| aan | beveel | aanbeveling |
| aan | dring | aandrang |

Hoewel daar 'n hegte verbondenheid tussen die werkwoordelike element en werkwoorddeeltjie is, tree hulle as afsonderlike woorde in die spilposisie en die sentrumgrens op:

Baie mense *wyk* van die tradisie *af*.

Sodra die werkwoordelike gedeelte ook in die sentrumgrens optree, vind 'n byeenplasing plaas:

Baie mense sal van die tradisie *afwyk*.

## 6. Opsomming

In hierdie artikel is die wese en die optrede van die voorsetselwerkwoord van nader beskou. Die wesenskenmerke van die voorsetselwerkwoord is soos volg gestel:

- Die voorsetselwerkwoord determineer 'n vaste voorsetsel.
- Die voorsetselwerkwoord vereis 'n voorsetselvoorwerp waarmee dit heg verbind.
- Die voorsetselgroep wat saam met die voorsetselwerkwoord optree, kan nie sonder meer deur één woord vervang word nie.

Die optrede van die voorsetselwerkwoord is soos volg uitgelig:

- Die voorsetselwerkwoord determineer soms benewens die voorsetselgroep 'n naamwoordstuk wat as voorwerp van die werkwoord optree, en het dus oorganklike werkwoordkenmerke. Soms is die verbinding tussen die *voorsetselwerkwoord* en die *voorsetselgroep* baie hegter as die verbinding tussen die *voorsetselwerkwoord* en die *naamwoordstuk* wat as voorwerp van die werkwoord optree, byvoorbeeld:

  Sy herinner hom *aan* die vergadering.

In sommige gevalle is die verbinding tussen die *voorsetselwerkwoord* en die *naamwoordstuk* wat as voorwerp van die werkwoord optree, weer hegter:

Hy maak melding *van* die gebeure.

Sy skenk aandag *aan* hom.

- Voorsetselwerkwoorde kan ook refleksief optree.
- Deur voorsetselstroping kan vaste voorsetselgroepe tot skoon naamwoordstukke gewysig word, sodat die betrokke hoofwerkwoord ook dan nie langer 'n voorsetselwerkwoord is nie, maar 'n oorganklike werkwoord.
- Deur voorsetselstroping kan voorsetselwerkwoorde tot oorganklike werkwoorde met *be-* verander.
- Die voorsetsel van 'n voorsetselwerkwoord kan 'n werkwoorddeeltjie word.
- Sekere deeltjiewerkwoorde vorm deel van die versameling voorsetselwerkwoorde.
- Voorsetselwerkwoorde kan tegelykertyd refleksief optree en deeltjiewerkwoorde wees.
- Sommige refleksiewe voorsetselwerkwoorde kan net negatief gebruik word.
- In idiomatiese uitdrukkings verbind die voorsetselwerkwoord dikwels baie heg met die voorsetselgroep, omdat dit 'n vaste uitdrukking vorm.
- Die voorsetseladjektief moet in kombinasie met die koppelwerkwoord optree, alvorens dit soos 'n voorsetselwerkwoord optree.

Daar is gewys op die verskil tussen die suiwer *onoorganklike voorsetselwerkwoord* en die suiwer *oorganklike voorsetselwerkwoord*.

In die lig van bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die voorsetselwerkwoord inderdaad 'n gekompliseerde tipe hoofwerkwoord met unieke wesenseienskappe is, wat hierdie kategorie hoofwerkwoord tot 'n regmatige hoofwerkwoord verhef.

## Bibliografie

Botha, J.P. & Van Aardt, J.M.H. 1978. *Afrikaans vir die praktyk.* Johannesburg : Lexicon-uitgewers.

Botha, J.P. 1985. *Afrikaanse sintaksis vir voorgraadse studente.* Johannesburg : McGraw-Hill Boekmaatskappy.

Botha, J.P. & Van Aardt, J.M.H. 1987. *Afrikaans vir die praktyk.* Johannesburg : Lexicon-uitgewers.

Botha, W.J. 1975. Die leë werkwoord in Afrikaans. Pretoria : UNISA. (M.A.-verhandeling.)
De Beer, J.A. & Van Staden, M.J. 1986. *Funksionele taalkunde*. Bailliepark : Inter-kampus Publikasies (Edms.) Bpk.
De Villiers, Meyer. 1983. *Afrikaanse grammatika vir volwassenes*. Goodwood : Nasou Beperk.
Du Plessis, Hans. 1982. *Sintaksis vir eerstejaars*. Pretoria : Academica.
Du Plessis, H.G.W. 1972. Die deeltjiewerkwoord in Afrikaans. Pretoria : UNISA. (M.A.-verhandeling.)
Ponelis, F.A. 1968. *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis*. Pretoria : Van Schaik Bpk.
Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria : Van Schaik.
Van Schoor, J.L. 1983. *Grammatika van standaard-Afrikaans*. Kaapstad : Lex Patria Uitgewers.

**Universiteit Vista (Kampus vir Verdere Opleiding) Pretoria**